KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 270 2 November 2009

TOULEIER

Dit raak nou bruiloftyd hier in die Sandland

Nou ja, veilig terug agter die sandduine met 'n klimaatjie wat nou sterk aanstoot winter se kant toe.

Hoewel die temperatuur steeds hier in die vroeë dertigs draai en die humiditeit vrek hoog is, begin die kinders darem nou weer buite speel en begin ons al hier en daar 'n lugreëlaar afstel of afsit.

So van afsit gepraat, moet ek darem net my skaamte uitspreek jeens daardie klomp ongepoetse Afrikaanse jongmanne wat saam met ons was op die vliegtuig was. Ag nee mense, 'n ou vloekwoordjie so nou en dan op sy plek en waar dit nodig is, kan altyd geduld word. Om egter so kru in die openbaar op te tree en teenoor ons eie landgenoot, die lugwaardinnetjie op die Katar vlug, maak 'n mens skaam vir jou eie mense.

Maak nie saak dat die res van die vliegtuig julle nie verstaan het nie, ons Suid-Afrikaners is nou 'n wydverspreide volkie en jy skop ons deesdae agter elke duin of bos uit. Wees dus maar bedag op jou taal, jy weet nie wie luister vir jou nie.

O ja, voor ek vergeet, vanaf iemand wat altyd vir die naaste span aan die Kaap skree: Veels geluk aan die Blou Bulle met jul naelskraapse oorwinning. Mag die Kerriekoppie net 'n jaar daar op Loftus vertoef alvorens hy weer sy regmatige plek opneem by Nuweland.

So met die omdraai van die seisoene bly die tyd van die jaar beide hier en in Duskantland die gunsteling tyd vir troues en sien 'n mens veral nou die reuse markiestente oral hier opgaan vir uithang en feesvier.

Weens tradisie word nie net familie genooi nie. Beide families se hele stamme kry 'n soort van 'ope' uitnodiging, so die arme bruidegom, en hier word die woord 'arme' met 'n vet tong in die kies gebruik, moet nogal hewig uithaal en wys want hy weet nie hoeveel van hulle gaan opdaag nie.

Gewoonlik kan mens so van Dinsdag of Woensdag af in die week die enorme groot tente sien opgaan sommer so in die veld of enige groot oop terrein tussen die geboue. Hulle was mos tot nou die dag toe nog nomadies.

Daar is spesialismaatskappye wat die goed sommer in 'n japtrap opslaan, kompleet met lugverkoeling en swierige kandelare wat uit die dak hang. Al langs die binnekant van die mure langs en styf teen mekaar grrangskik is luukse sagte sofas met die sentrale oop area uitgedek met Persiese matte.

Donderdae is die gunstelingdag vir onthale want Vrydag is mos Sondag hier en dan kan die manne laat slaap. Nie dat hulle drink nie! O nee, maar hoe sal ons ooit weet?

Die groot verskil in troues hier is natuurlik dat die bruilof geskied met net die mans teenwoordig in hierdie groot tente. Die vroumense kom gewoonlik apart bymekaar in 'n hotel of kleiner plekkie en daar, waar daar geen mans mag inkom nie, kom dit dan basies neer op 'n hennetee. Blykbaar is hulle daar binne darem ook toegelaat om 'n slag die abaja af te gooi en in gewone klere sosiaal te verkeer.

Die mans weer, drink eet en dans met hul swaarde in die hande terwyl daar gedigte opgesê word.

Eisj, hulle kom dus net tot by die rampartie, nooit by die bruilof uit nie!

Groetnis uit die duine van Doha,

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

ROELFIE
SLAAT RAAK

✣ 'n Myn vir Foolius

MISDAADSINDIKATE forseer mense om onder uiters haglike omstandighede in ou mynskagte te werk, waar hulle tot 18 dae aaneen ondergronds gehou word en R6.5 miljard se erts jaarliks uithaal. Die sindikate is swaar bewapen, en daar is geen ontsnapkans nie.

Die oplossing sal glo wees om die uitgewerkte en verlate skagte te verhuur aan klein maatskappye wat 'n lae omsetkoste het en dus 'n goeie wins kan maak.

Intussen dreig Foolius Dilemma, grootbek-baas van die ANC se Sandputkinders, om myne te nasionaliseer. Sestig persent moet aan die regering behoort, seg hy, sodat daar meer geld vir die ANC beskikbaar is (om te verduister en te vermors?)

►Roelfie het die ideale oplossing: Gee vir Foolius so 'n uitgewerkte myn en 'n graaf. En bou dan huise met die geld wat hy maak.

✣ Ontmaskerde verraad

Nuwe landswapen

DAAR gaan haas geen dag meer verby nie of die ANC word ontmasker as 'n gepeupel wat nie sy beloftes aan die piepols kan nakom nie, newwermaaind nuwe aantygings oor die wapenskandaal en 'n onversadigbare lus vir korrupsie en duur motors.

Daai beloftes van dienslewering en 'n "beter lewe vir almal" is om een enkele rede verkondig: die verkryging van mag, status en geld.

Skaars hulpmiddels word voortdurend verrmors op waardelose projekte soos duur limousines, wapens, hotelrekeninge, partytjies, opgepompte salarisse en goue handdrukke vir 'n leërskare van onbevoegde amptenare.

►Dis dinge wat in hierdie land vir geslagte lank gaan bly spook, want ons is al lankal verby die omdraaipunt.

✣ Vals ikoon

DIS mos lankal hoogmode by die nuwe maghebbers om al wat 'n skarminkel is te vereer, soos nou weeer met die Marxistiese Kubaanse rewolusionêr Ché Guevara, wie se kinders pas 'n besoek aan Duskantland agter die rug het.

Guevara geniet ikoon-status by die ANC se linkse vennote en talle strate is al na hom vernoem, so pas weer in Durban. Die geskiedenis vertel 'n heel ander storie oor Guevara, soos dat hy 'n dweper en 'n moordenaar was wat 180 mense sonder verhoor tereggestel het.

In sy dagboek erken hy dat hy dit geniet het om te sien hoe mense doodgemaak word. Hy verwys na swart mense as "lui dromers" wat geneig is tot "ligsinnigheid en drankmisbruik" en 'n "afkeer aan bad" het.

►Nou ja, die ANC ignoreer mos feite wat hom nie pas nie.

✣ Foolius se taalkennis

VERLEDE keer het Roelfie vertel van Foolius Dilemma wat sê Caster Semenya kan nie 'n hermafrodiet wees nie omdat daar nie so 'n woord in Pedi is nie.

Nou het een van *Kammanuus* se lesers vir ons ou Foolius se matriekpunte aangestuur. Hy het 'n E vir Pedi gekry, wat 'n mens mos laat wonder hoeveel hy van die taal weet?

En, skryf die leser, die Pedi woord vir hermafrodiet is *ntonankatshadi.*

►Intussen is Caster aangewys as Tukkies se sportman van die jaar. Of was dit vrou?

✣ Gebaseerde matriek

NOU JA, dis weer tyd vir die matriekeksamen, en kort voor lank gaan nog derduisende kinders wat nie lekker lees en skryf en somme maak nie in 'n mark ingestoot word wat geletterde mense soek. Die gelukkiges kry belangrike poste in die regering.

Ons weet reeds die slaagsyfer gaan 'n rekord wees, want dis mos wat Uitkomsgebaseerde Onderwys beteken: Die uitkoms word vooraf gebaseer op getalle wat die minister goed sal laat lyk, en dan word die uitslae opwaarts "aangepas."

►Hoekom sal dit hierdie jaar anders wees?

Allegaartjie

NUUT EN NUTTIG!

SITPLEK-LIGTER

"Wie het weer vergeet die toilet se sitplekring af te slaan?" Die Vredemaker sal hierdie uitbarstings voorkom. Trap net op die pedaal om die lig-meganisme te aktiveer. As jy jou ding klaar gedoen het, haal jy net weer jou voet van die pedaal af.

Honde se klagtes oor mense

1. Moenie poep en my blameer nie. Dit is hoegenaamd nie snaaks nie.
2. Moenie op my gil as ek blaf nie. Onthou, ek is 'n hond!
3. Moenie met my gaan stap en my dan keer as ek aan goed wil ruik nie.
Wie se uitstappie is dit - myne of joune?
4. Ek hou nie daarvan om goed op my neus te balanseer nie. Staak dit!
5. Ek haat haarsnye wat linte en strikke insluit.
Nou weet jy hoekom ek jou goed kou as jy nie by die huis is nie.

SUURSTOFDIEF

Die aanbieder van The Weakest Link op BBC vra aan die deelnemer:

"Oscar Wilde, Adolf Hitler en Jeffrey Archer het almal boeke geskryf oor hul onder-vinding in (a) die tronk of (b) die Konser-watiewe Party?

Deelnemer: "Die Konserwatiewe Party."

BIER BEVAT VROULIKE HORMONE!

Die Universiteit van Sydney se wetenskaplikes het onlangs die uitslae van toetse bekend gemaak wat onthul dat daar vroulike hormone in bier is.

Mans word gewaarsku om hul bierverbruik fyn dop te hou, want die hops bevat fito-estrogene en te veel bier kan hulle in vroue verander.

Om die teorie te bewys, het 100 mans elkeen agt glase bier binne een uur gedrink. Hulle is daarna getoets, en al 100 mans het:

1. Oor nietighede gestry.
2. Geweier om verskoning te vra wanneer hulle duidelik verkeerd was.
3. Gewig opgetel.
4. Aanhoudend geklets sonder om sin te maak.
5. Ooremosioneel geraak.
6. Kon nie bestuur nie.
7. Kon nie rasioneel dink nie.
8. Moes sit as hulle wou piepie.

Geen verdere toetse is nodig nie.

PADTEKENS IN AFRIKA

Wie het eerste na 'n koei gekyk en gewonder: Wat sal gebeur as ek aan daai spene trek?

Dit is nou wat hulle noem innoverende bemarking!

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Deur Fransjohan Pretorius

Britte voorsien Boere van ammunisie

MET die uitbreek van die oorlog het die ZAR en die Vrystaat saam oor sowat 50 miljoen patrone en 100 000 gewere beskik. Die helfte was Duitse Mausers en die res hoofsaaklik Martini-Henry's (MH).

Die MH was teen die einde van die 19de eeu 'n verouderde wapen. Dit kon slegs een patroon op 'n slag neem, terwyl die Mauser naas die patroon in die loop 'n ingeboude voorraad gehad het waarin vyf patrone tegelyk met een drukbeweging gelaai kon word.

Die MH's se maksimum trefafstand was 1 800 meter, teenoor die Mauser se 4 000 meter. Die MH het met swart kruit geskiet, wat die skut se posisie verraai het. Die Mauser het met rooklose kruit geskiet.

Die hewige gevegte by Magersfontein, Colenso en Stormberg in Desember 1899 het die Boere se ammunisievoorrade itgeput. Lourenco Marques (Maputo) was vir die invoer van wapens en patrone gesluit, wat beteken het dat die Boere daarna van Britse arsenale afhanklik was.

Die meeste Tommies was met Lee-Metfords gewapen en hulle het goed teen die Mauser opgeweeg, maar jy kon in 'n geveg meer skote met 'n Mauser afvuur: Die Lee-Metford se magasyn het tien patrone gevat, maar daar was nie in 'n geveg tyd om te herlaai nie. Die patrone moes dan ee-een met die hand ingesesit word, teenoor die Mauser se vyf op 'n slag.

Die voorrade Britse wapens en ammunisie wat op 7 Junie 1900 by Roodewal in die hande van genl. Christiaan de Wet geval het, was die Boere se grootste buit in die oorlog. De Wet het 600 kiste Lee-Metfordpatrone en kanon-ammunisie gebuit en weggesteek. Die Vrystaters se skietgoed is telkens uit hier-die magasyn aangevul.



Britse arsenale voorsien die Boeremagte van wapens.

In April 1901 het pres. M.T. Steyn berig dat die Vrystaters se Mauser-patrone feitlik heeltemal uitgeput was, maar dat die mees-te burgers gelukkig met Lee-Metfords ge-wapen was.

Dit is bekom deur Tommies te vang en hul wapens af te neem.

Britse arsenale het die Boere ook elders bedien. Met die slag van Vlakfontein in Wes-Transvaal in Mei 1901 het die meeste burgers die geveg met slegs een gevulde bandelier binnegegaan. Hulle het egter Britse soldate binne die eerste paar minute oorrompel en hul gewere afgeneem.

Byna elke burger het die dag afgesluit met twee gewere en soveel ammunisie as wat hy kon vervoer.

Met die vredesluiting was sowat nege-tiendes van die burgers bewapen met gewere wat oorspronklik aan Britse soldate behoort het.

Die beskikbaarheid was egter wisselvallig en die kommando's kon nie te alle tye op Britse arsenale staatmaak nie.

Daar was gevegsgebiede waarin en tydperke waartydens ammunisie bitter skaars was en vlug eerder as veg die patroon was.

Uit: *Op Kommando*, deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria.

Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

MOTBOLLETJIES

Die blondine koop twee pakkies motbolletjies by die apteek.
Die volgende dag is sy terug om nog te koop.
"Sjoe, maar daar moet baie motte in jou woonstel wees," sê die apteker.
"Nie regtig nie," sê die blondine. "Ek sukkel net om hulle raak te gooi."

ESKOM SE SKULD!

Die man kom by die huis en kry sy blonde vrou bewusteloos voor die televisie.

Ná 'n groot gesukkel kry hy haar uiteindelik by. "Wat het gebeur?" vra hy.

"Ek was besig om aërobiese oefeninge voor die TV te doen. Die instrukteur het gesê: 'asem in, asem uit ...' en toe gaan die krag af."



CHAOS

'n Politikus, 'n ingenieur en 'n chirurg stry oor wie se professie die oudste is.
"Onthou, Eva is uit Adam se rib gemaak," sê die chirurg. "Dit klink vir my na chirurgie."
"O nee," sê die ingenieur, "God het orde uit die chaos geskep, en dit klink vir my na ingenieurswese."
"Aha!" sê die politikus. "En wie dink julle altemit het die chaos geskep?"

JOU EIE SKULD!

Die dronkie kies kortpad deur die begraafplaas en beland in 'n oop graf. Later die nag begin dit reën en hy kry koud. Hy huil kliphard.
"Help! Iemand, help my tog, dis koud hier onder!"
Daar stap Gatiep verby, lekker getrek. Hy hoor die hulpkreet, loer in die graf, gryp 'n graaf en begin die hoop sand ingooi terwyl hy troos: "Toemaar, toemaar. Dish g'n wonner djy kry koutie, djy't djousjelf dan oepgesjkop."

JAMMER!

Welgestelde man aan boer: "Ek soek 'n perd vir my vrou."

Boer: "Jammer, meneer, ons doen nie inruilings nie."

BEGROTING

'n Man gee 'n boemelaar sewe jaar lank elke dag R10, en toe skielik gee hy hom daagliks net R5.
Ná 'n paar dae vra die boemelaar wat die rede is.
Man: "Ek het nou 'n kind op universiteit wat baie kos."
Die boemelaar wil weet hoeveel kinders die man het, en hy antwoord drie.
Boemelaar: "Gaan jy al jou kinders op my onkoste laat studeer?"

WIE SE FONDSE?

Die man is 'n bietjie moedeloos oor sy banksake en gaan sit en skryf 'n briefie:

"In die lig van al die probleme rondom banke, het ek gewonder. As een van my tjeks terugkom en dit is 'onvoldoende fondse' gemerk - verwys dit na die bank, of na my?"

VIERKANTSWORTEL

Aanbieder: "Wat is die vierkantswortel van 11?"
Deelnemer: "Ek weet nie."
Aanbieder: "Kom ek help jou: dis twee ene met 'n twee in die middel."
Deelnemer: "Is dit vyf?"

ANDY CAPP deur Smythe

Die filosofiese sy van S E K S

Ek glo seks is die heel mooiste, natuurlikse en heilsaamste ding wat geld kan koop.
-- Tom Clancy

Seks is soos om brug te speel. As jy nie 'n goeie maat het nie, moet jy 'n goeie hand hê.
-- Woody Allen

Seks op 90 is soos om snoeker met 'n tou te probeer speel.
-- George Burns

My meisie lag as ons seks het – dit maak glad nie saak wat sy besig is om te lees nie.
-- Steve Jobs

Vroue kla oor PMS, maar dis al tyd in die maand wat ek myself is.
-- Roseanne

Vroue het altyd 'n rede nodig om seks te hê. Mans het net 'n plek nodig.
-- Billy Crystal

Vroue vervals dalk orgasmes, maar mans vervals hele verhoudings.
-- Sharon Stone

Mans het 'n brein en 'n penis, maar net genoeg bloed vir een van die twee.
-- Robin Williams

Ek gaan net 'n vrou soek waarvan ek hou en vir haar 'n huis gee.
-- Rod Stewart

Die storie van Kobus Lourens

'n Man kom uit die lughawe uit en kry dadelik 'n taxi voor hom. Die taxibestuurder merk op: "Perfekte tydsberekening, nes Kobus."
Passasier: "Wie?"
Taxibestuurder: "Kobus Lourens, hy was 'n ou wat altyd als reg gedoen het. Soos nou, toe ek juis hier was toe jy 'n taxi nodig gehad het, dit het elke keer met Kobus Lourens gebeur."

Passasier: "Kan nie wees nie, daar is altyd darem êrens iets wat verkeerd loop."
Taxibestuurder: "Nie vir kobus Lourens nie, hy was boonop nog 'n uitstekende atleet. Hy sou selfs op Wimbledon kon wen. Hy kon seker Tiger Woods ook kafdraf. Hy kon selfs sing soos 'n opera bariton en hy kon dans soos Fred Astaire. 'n Koning met die klavier, ja nee, 'n wonderlike man"

Passasier: "Klink of hy 'n merkwaardige persoon was!"
Taxibestuurder: "Daar is nog! Hy het 'n fotografiese geheue gehad en het nooit 'n verjaarsdag of 'n herdenking vergeet nie. Hy het als oor wyn geweet en watter soort kos om te bestel by 'n luukse restaurant en watter vurk om te gebruik om dit mee te eet. Hy kon als regmaak. Nie soos ek nie, Ek probeer 'n gloeilampie omruil dan dink die buurt omgewing dis hul beurt vir donkerte. Ja swaer, Kobus Lourens kon ALS reg doen."

Passasier: "Sjoe, regtig iemand spesiaal nè?"
Taxibestuurder :"Kobus Lourens het altyd geweet hoe om 'n vrou goed te laat voel, nooit met hulle baklei nie, nooit tee gepraat nie, regtig sjarmant. Hy was altyd netjies nooit op sy klere gemors nie, die Perfekte man! Niemand kan opweeg teen Kobus Lourens nie"

Passasier: "Ja ek stem saam, 'n unieke man. Hoe het julle ontmoet?"
Taxibestuurder: "Wel, om die waarheid te sê, ek het Kobus nooit ontmoet nie, ek is net met sy flippen weduwee getroud!"

Duskantlanders in Anderkantland

Die Engelse moet leer KUIER!

"Vir baie Britte is alkohol nie bloot die smeermiddel wat help om die tyd wat jy saam met vriende spandeer, so aangenaam moontlik te maak nie."

Deur PIETER MALAN

Kyk, laat daar geen twyfel wees van die erns waarmee die Britte somer benader nie. Die sonseisoen word met mening gevier met een groot geleentheid na die ander. Soseer dat 'n mens teen die tyd dat die weer begin draai skoon uitgeput op die rusbank neerslaan van al die opwinding.

Laat my verduidelik.

Die stywe-bolip brigade van Ascot het vanjaar soos 'n ton bakstene neergekom op onfatsoenlike kleredrag. Veral dié met kaartjies vir die koninklike pawiljoen, is opnuut gemaan om tog ordentlik aan te trek. Vir mans beteken dit 'n morning suit en pluiskuil, daardie eiesoortige – en mag ek byvoeg buitensporige – Engelse mans-uitrusting.

Vir vrouens grens die reëls aan die absurde. Die regulasie van geen kaal skouers en 'n reël dat rokke nie meer as 'n duim bo die knie mag sit nie, kan 'n mens nog ver-staan. Maar wat op dees aarde moet 'n mens maak van 'n regulasie wat lui: Knickers must be worn, but not seen?

Die gedragskode is ook doodstil oor 'n ander gewilde Ascot tydverdryf – die gebruik van reuse hoeveelhede alkohol.

Daar is niks wat die Engelse se ongesonde verhou-ding met die vrug van die wingerdstok beter illustreer nie as die beskonke liggame wat menige geleentheid hierdie tyd van die jaar ontsier nie.

Vir baie Britte is alkohol nie bloot die smeermiddel wat help om die tyd wat jy saam met vriende spandeer, so aangenaam moontlik te maak nie. Nee, dis eerder 'n doel opsigself, iets wat jy drink vir geen ander rede as om die sensasie van dronkwees te ervaar nie.

In Europa sê hulle dis maklik om die toeriste van verskillende nasies te herken. Die Japanese neem foto's, die Duitsers kla, die Hollanders soek 'n goedkoper blyplek en die Britte… lê besope in die slootjie.

Pogings van Britse regerings om hulle onderdane te oorreed om 'n kontinentale drinkkultuur te aanvaar, grens aan die absurde.

So drie jaar gelede het die huidige regering 'n plan opgedroom om Britse pubs toe te laat om ná 11-uur in die aand oop te bly.

Die redenasie destyds was dat die buitensporige vroeë sluitingstyd van die tradisio-nele Engelse local aanleiding gee tot nóg 'n tradisie: om kort voor sluitingstyd 'n laaste pint (of twee) te bestel en dit dan so vinnig moontlik weg te slaan voordat die *landlady* jou onder jou alie skop.

Het dit Britse drinkgewoontes verander? Natuurlik nie. Soos 'n taxidrywer onlangs vir my gesê het, beteken dit net dat die hele stad se dronkes nie nou almal op een slag 'n geleentheid huis toe soek nie.

Die mees onlangse teiken vir dié nimmereindigende debat was kinders – dit nadat die minister van kindersake, Ed Balls, dit in sy kop gekry het dat hy die nasie in ver-antwoordelike Europeërs sal omskep deur ouers te verbied om aan hul jong kinders 'n glasie wyn aan tafel te gee.

Huh? Ek dog Europese manier is juis om kinders op 'n vroeë ouderdom bekend te stel aan die beskaafde gewoonte van 'n glasie wyn saam met ete?

Dit alles laat my dink aan 'n Afrikaanse uitdrukking, wat nie in Engels bestaan nie, en miskien aan die hart lê van die Engelse se genetiese onvermoë om drank te verstaan.

Dit is die mooi gebruik van die woord "kuier" om te verwys na die tipe sosiale samesyn waarin 'n brannewyntjie 'n sentrale rol speel.

Want dit, in kort, is wat met Britse drinkgewoontes skort. Hulle kuier nie.

***** Dié rubriek is die eerste keer op 29 Junie 2008 in Rapport gepubliseer. Pieter Malan was Media24 se burohoof in Londen.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Meer oor meel

Vir die gesoute baksters onder ons, ou nuus, maar vir die jongeres dalk nie!

Koring is een van die wêreld se belangrikste voedselbronne. Die voedingstowwe wat daarin voorkom is koolhidrate, proteïne, lipides, minerale en vitamiene. Dit word alles geberg in die koringkorrel wat bestaan uit die **semels** - die buitenste dop wat verwyder word om suiwer meelblom te produseer. Dit bevat baie ruvesel en mine-rale en voorkom hardlywigheid.

Endosperm is die bruikbare binneste deel van die koringkorrel. Dit word van die semels geskei en tot poeier gemaal om die meelblom te verkry – 'n belangrike bron van stysel en verskaf hitte en energie.

Koringkiem, waaruit die nuwe koringplant ontwikkel, word normaalweg verwyder want die hoë vetinhoud het 'n nadelige uitwerking wanneer meelblom gemaal word en op die bergtyd daarvan - daarom word koringkiem in die yskas gehou anders word dit galsterig.

Koekmeel is 'n fyn, wit meel en is ideaal vir fyngebak soos pasteie, croissants, soetgebak soos sponskoeke, muffins en ligte gesuurde produkte met 'n fyn tekstuur soos rolletjies en oliebolle. Dit bevat baie proteïen, (gluten) is ongebleik en bevat geen bymiddels nie. Dit is die gluten in meel wat die mengsel bind.

Witbroodmeel is 'n roomwit meel, is ideaal vir gesuurde broodprodukte en kan selfs as plaasvervanger vir koekmeel gebruik word in byvoorbeeld tertbeslag of klein koekies.

Bruinbroodmeel is 'n veselryke, ligbruin, growwe meel en is ideaal vir gesuurde bruinbroodprodukte.

Bruismeel is 'n baie fyn, wit meelmengsel wat uit koekmeel en bakpoeier bestaan. Ideaal vir vinnige maklike gebak soos pannekoek, muffins, sodabrood, skons en beskuit. As jy bruismeel benodig, sif 250 ml koekmeelblom en 5 ml bakpoeier saam om 250 ml bruismeel te verkry.

Semelryke bruismeel is 'n growwe, ligte meelmengsel bestaande uit koekmeel, uitgesoekte koringsemels en bakpoeier. Ideaal vir semelryke variasies van vinnige maklike gebak soos muffins, sodabrood, skons en beskuit. Om jou eie te maak, voeg 5 ml bakpoeier by elke 250 ml gewone volkoringmeel. Sif dit 'n paar keer voor gebruik.

Volgraansemels is grof, bruin en veselryk en is ideaal om die veselinhoud van ge-bak soos brood, rolletjies, muffins en beskuit te verhoog.

Volkoringmeel (Nutty Wheat) is witbroodmeel waarby ongeveer 20% growwe koringsemels bygevoeg is. Dit is die gesondste tipes van alle meel want dit bevat 'n hoë persentasie ruvesel. Omdat dit ook koringkiem bevat, bevat dit ook olie daarom dat dit nie so lank geberg kan word nie. Koop dus soos nodig of berg in yskas. Gebakte produkte hiermee sal effens swaarder wees en as jy ligter tekstuur verlang, vervang die helfte van die volkoringmeel met koekmeel of witbroodmeel.

Stampkoring is baie grof en word gemaak deur uitgesoekte harde koring te maal. Ideaal om gesuurde broodprodukte of ander gebak soos muffins en beskuit bros te maak.

Semolina is ook 'n suiwer koringproduk in korrelvorm en word kommersieël gebruik om spaghetti en noedels te maak. Ook ideaal vir ontbytpap en nageregte.

Bewaring van meelprodukte

MEEL kan 3-8 maande in ideale omstandighede bewaar word en sowat 1 jaar lank in die vrieskas.
'n Lourierblaar of 'n stukkie kers sal kalanders weghou.
Meeste produkte kan nog 6-8 maande ná die vervaldatum op die pak met gemoeds-rus gebruik word.
Meel wat in vrieskas bewaar is, moet vir 1 uur by kamertemperatuur staan alvorens jy dit gebruik.

(Erkenning : SASKO en SNOWFLAKE)

Volgende keer meer oor DEEG !

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ALERS, ALLERS, AHLERS
wilhelmina.prinsloo@dcs.co.za
Philluppus Rudolph.

BASSON
annemie@malmesbury.co.za
Alle Swartland en Sandveld Basson's kan gerus vir my kontak, ek het 'n register van die families.

BESTBIER
Annemie@malmesbury.co.za
Ek het 'n volledige stamregister van die Bestbier-familie.
Kontak my gerus vir meer inligting.

BREITENBACH
nicholeens@yahoo.com
Johanna Catharina Cornelia Jacoba gebore 18 nov 1931. Getroud met Nicholas Schultatus Havenga Venter.
Haar ouers was Magaretha Louisa Roux en Izak Johannes Breitenbach.

ELS
hozani@telkomsa.net
Ek Is Johannes Marthinus Els gebore 16/04/65 Newcastle, Natal

FOURIE
martin@mfourie.com
Ek het ons familie van Louis uit die Dauphine-streek in Frankryk tot hede. Sukkel nog met die aansluiting in die Noord-Kaap van die legendariese Jopie Fourie, want dis deel van ons lyn van name. Sal my bronne deel.

HEYMAN
paul.kimtrac@mweb.co.za
Ek is 'n nuwe navorser. Op soek na inligting van die Heyman/Hyman familie met die stamname Hendrik Johannes.Ons kinders is geregistreer as Heyman terwyl my vader en ons oupa as Hyman(geboortesert) aangegee word. My vader is op 10 April 1908 op 'n plaas te distrik Kenhardt gebore as Hendrik Johannes Hyman. Sal later nog inligting verskaf.

JEPPE
wilhelmina.prinsloo@dcs.co.za
Herman Otto Carl Frederich Jeppe(dokter/apteker)dogters Rosa Ellen,Kate,Frieda en Ellen Ottillie Jeppe, broer van Juluis Jeppe skool vernoem na Juluis Jeppe High School Johannesburg.Fotos en of inligting.

JOUBERT
nicholeens@yahoo.com
Ek is op soek na inligting van Johanna Gustavis van Zweel gebore 23/7/1906. Sy is getroud met Gideon Johannes Joubert gebore 23/6/1902. As iemand vir my inligting het. Ek het inligting dat daar twee dogters uit die huwelik gebore is. Nie seker nie.

LOUW
annemie@malmesbury.co.za
Alle Swartland en Sandveld Louws kan my gerus kontak, ek werk aan die takke van die Louws.

TIKKIE OP DIE SKOUER

Die passasier in 'n huurmotor tik die bestuurder op die skouer om hom iets te vra.

Die bestuurder gil, verloor beheer oor die motor, ry amper teen 'n bus vas, jaag oor die sypaadjie en stop millimeters van 'n winkelvenster af.

Vir 'n paar oomblikke is alles doodstil. Die drywer sê toe: "Moet dit asseblief nooit weer doen nie. Ek het my amper doodgeskrik."

Die passasier vra toe om verskoning en sê hy het nie gedink 'n tikkie op die skouer sou hom so laat skrik nie.

Die bestuurder antwoord toe: "Dit is nie werklik jou fout nie. Vandag is my eerste dag as huurmotorbestuurder. Vir die afgelope 25 jaar het ek 'n lykwa bestuur!!"

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Lekker getoer in Duskantland

DENISE SMITH, Goodwood:
Wil net dankie sê vir al die nuus. Ons was toe weer eens in Kempton Park met vakansie by die seun. Sou Malelane toe gegaan het maar weens siekte daar het ons toe nie by die Wildtuin uitgekom nie. Maar in en om Kempton is dit lekker om die omgewing te verken te motor en ook te voet.

Ons het na die nuwe Silverstar Casino se water fontein gaan kyk. Dit spuit water al om die halfuur vir 10 minute terwyl daar die mooiste musiek gespeel word. Die water spirale en patrone en hoogtes wat die water bereik is te pragtig. Dit is in die rigting van Krugersdorp omgewing.

Ook het ons die Gautrein se vordering geniet. Om te dink jy het 'n vinger en verstand in die hele gedoente maak dit nog interesanter. Maar ai die paaie daar is darem besig en die Saterdag wat ons by familie in Pretoria omgewing gaan kuier het, het in 'n slakkepas terug tog gevorder.

Ons was pas uit Pretoria en op die R21 toe staan alles stil om 8.50 nm die aand. Omdraai was nêrens nie. Dan het die mense nog 'n "cheek" om in die geel streep by jou verby te jaag. 'n Entjie verder het van die brawes die grondpad langs die R21 gebruik en vinniger te vorder.

Na 'n hele ent het ons opgemerk hulle klomp se ligte het in 'n donker veld tot stilstand gekom. Seker op een of ander ou se plaas pad. Daar was op die ou einde 'n geweldige ongeluk waar die pad vernou het in een baan op die R21.

Die aasvoëls "breakdown" voertuie het ook by ons verbygejaag asof die duiwels agter hulle is op die skouer van die pad om by die ongeluk uit te kom. Ons het voor 11 die aand eers in Kempton gekom.

In Nuusbrief 263 jy wanneer laas daar 'n Spietkop te siene was. Jy sal my nie glo dat ons wel en gesien het Sondag 2 Augustus op die N7. Dit was nogal 'n mooi wit motorfiets met flitsende blou ligte.

Laaste maar nie die minste wil ek jou bedank vir die familieopsporing rubriek wat julle het. So het ons ook nou van ons familie se geskiedenis begin navors, na 'n versoek van een van die kleinseuns. Ons gesels nou lekker en ruil informasie uit oor die oupas en oorgrootjies. Inligting word oral gesoek en daar heers groot opgewondenheid as daar nuwe leidrade gekry word.

FYNSKRIF

Opvoeding is wanneer jy die fynskrif lees.
Ondervinding is wanneer jy dit nie lees nie.
- Pete Seegers

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n geleentheid wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en nou aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 in jou bank gee slegs 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maandelikse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jouself 'n guns, hier is die plek:

http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754

Doen dit sommer nou!

AGTEROS

Die weermag kort senior burgers!

"Ons is gewoond daaraan dat daar op ons geskree en geskel word en boonop is ons gewoond aan papgekookte kos."

Ek is oor 60 en die weermag reken ek is te oud om terroriste uit te snuffel. Jy kan nie ouer as 42 wees om by die weermag aan te sluit nie. Hulle't die hele ding agterstevoor-om.

In plaas daarvan om 18-jariges na die voorste linies te stuur, moet hulle die ou toppies stuur.

Jy behoort nie by die weermag aan te sluit voordat jy minstens 35 jaar oud is nie. Navorsers sê dat 18-jariges elke tien sekondes aan seks dink. Ou manne dink slegs 'n paar keer 'n dag daaraan, wat aan ons die voorsprong gee van 28 000 ekstra sekondes om op die vyand te konsentreer!

Jong latte het nog nie lank genoeg geleef om vol skete en kwale te wees nie, en 'n soldaat vol pyne is 'n gevaarlike een! "My rug is seer, ek kan nie slaap nie, ek's moeg en honger!" Dit maak ons moeilike manne om mee saam te leef. Ons is ongeduldig en dit kan ons iemand wat dit verdien laat vermoor. Dit sal ons nie net stil kry nie, maar selfs vir 'n rukkie beter laat voel.

'n 18-jarige hou ook nie daarvan om voor 10:00 op te staan nie. Ou manne moet vroeg opstaan om te gaan pie, so wat de hel maak dit saak? Soos ek sê: "Ek's moeg en kan in elk geval nie slaap nie, so terwyl ek op is kan ek net sowel opbly en een of ander fanatiese jy-weet-wat gaan doodskiet."

As ons gevange geneem word, sal ons nie geheime verklap nie, want ons het lankal self vergeet wat dit eintlik was.

Soos dit is, sal onse naam, rang en diensnommer klaar 'n uitdaging wees.
Die opleidingskampe behoort ook 'n makliker aanpassing te wees vir die ou manne. Ons is gewoond daaraan dat daar op ons geskree en geskel word en boonop is ons gewoond aan papgekookte kos.

Teen daardie ouderdom het ons ook reeds 'n waardering vir vuurwapens ontwikkel. Ná jare se verskoning om uit die huis van die geskel en geskree weg te kom, is ons al goed daarmee bekend.

Hulle kan egter die oefensessies bietjie kalmer vat. Ek was al in 'n oorlogsituasie en het nie 'n enkele 20 voet-hoë muur met 'n tou wat daaroor hang teëgekom nie. Nog minder het enige van die opstote sedert die voltooiing van my basiese opleiding iets vir my beteken.

Om die waarheid te sê die hardloop-sessies was ook 'n totale vermorsing van energie – ek het nog nie gehoor van iemand wat 'n koeël in 'n wedloop kon wen nie!
'n 18-jarige het sy hele lewe voor hom. Hy moet nog leer skeer en hoe om 'n mooi meisie se voete onder haar uit te slaan. Hy't nog nie eens uitgewerk die pet het 'n kappie-gedeelte wat die son uit sy oë moet hou nie – dis nie 'n skaduverskaffer vir sy nek nie.

Hierdie is almal goeie redes om ons kinders by die huis oor die lewe te leer alvorens ons hulle stuur om dinge op die harde manier uit te vind. Laat ons ou manne die slapgattige vyand uit hul wegkruipplekke gaasn uitkrap. Die laaste ding wat die vyand sal wil sien, is 'n paar miljoen gatvol ou toppies met 'houding' en outomatiese wapens wat wel deeglik bewus is hul beste jare is verby.

As daar nêrens anders is waar ons benut kan word nie, wat daarvan om ons op grens patrolliediens te laat doen? Ons sal hulle sommer die eerste nag vasvat.

Nog 'n gedagte: Wat van vrouens oor 50 oproep met hul menopouse in volle gang? Jy dink MANS het 'n houding? Genugtig – jy het geen idee nie!

Jou volgende
KAMMANUUS
is op 16 November 2009